Wilgiestorie....

Skoolhoof: Mnr. Hennie Pelster
Tel: (058) 813 1010 Faks: 0866 595 407
e-pos: wilgeskool@lantic.net

26 JAN
1/2024

WILGIE WAARDES

Liefde
Respek
Getrouheid
Nederigheid
Selfbeheersing
Integriteit

KLEREWINKEL TYE:

Maandag-oggende:

07:15 tot 07:45

Elke weeksdag

(Maan.—Vry.)

13:00-14:00

2de Handse winkel:

Elke dag

12:30-13:30

Uit die Skoolhoof se kantoor

Welkom terug aan elke Wilgie-leerling, -ouer en -ondersteuner. Ons is dankbaar dat almal veilig terug is en sien uit na 'n lekker jaar wat voorlê. Baie sterkte vir 2024.

KLERE: Ons is in die oorgangs-tydperk met die sportklere. Daar is bestellings geplaas en ons wag vir voorraad—wees asseblief geduldig.
Geen dogters mag met 'hotpants' sport doen nie, behalwe onder die netbal-/ skoolrompie.

Ons benodig ASSEBLIEF alle ou skoolklere wat nie meer gebruik word nie, asook tasse.

DAGBOEKE: Huiswerk-dagboeke is beskikbaar by die registerpersoneel teen R80. Hierdie is 'n pragstuk net vir ons Wilgies. Ons doen 'n beroep op elke Wilgie om een te koop asseblief.

JAARPROGRAM: Neem kennis van die tentatiewe Jaarprogram gelaai op D6. Daar mag veranderinge plaasvind deur die loop van die jaar. Teken asb die nodige belangrike datums aan en neem kennis van die toerdatums.

GR.12-VERGADERING: Ons wil graag op Don-derdag, 8 Feb. om 18:00 'n vergadering met alle gr. 12-leerders, hulle ouers en voogde van die skool hou.

Arbeid veredel die gees!

Wilgiegroete

MNR. H. PELSTER

WILGIE WAARDES

12. Deursettingsvermoë
11. Veggees
10. Eerlikheid
9. Selfbeheersing
8. Goedhartigheid
7. Geduld
6. Nederigheid
5. Getrouheid
4. Vrede & Vreugde
3. Vriendelikheid
2. Respek
1. Liefde



ALGEMEEN

BELA wetgewing:

Die Beheerliggaam het ‘n brief geskryf om teenkanting teen die BELA wet in te dien.

WILGERIVIER BELEID OOR AFWESIGHEDE : 2024

1. Daar word elke oggend tydens register opname van leerders gemaak wie afwesig en wie teenwoordig is.
2. Leerlinge mag nie die skoolgronde verlaat sonder ‘n toestemmingsbrief wat hulle by hulle regis-teronderwyser kry nie. Hierdie toestemmingsbrief word deur die Departementshoof geteken en ingedien by die skoolkantoor.
3. Indien ‘n leerling afwesig is tydens ‘n toets of eksamen, moet ‘n doktersbrief ingedien word by die regis-teronderwyser / kantoor.
4. Indien ‘n leerling afwesig is, is dit sy / haar eie verantwoordelikheid om huiswerk / werk in te haal. Hulle moet ‘n maat vra om die werk vir hulle te kry en is self verantwoordelik om dit by die vriend te kry en betyds te voltooi.

KOMMUNIKASIE-LYN

U as ouer kontak die onderwyser, daarna die fasehoof (sien fasehoofde hieronder). Daarna kan die skoolhoof gekontak word en daarna die Beheerliggaam. Ons help graag, maar neem personeel asseblief in ag met na-ure navrae.

Gr. 1-3 : Grondslagfase	-	Lizl Lange (083 375 8884)
Gr. 4-6 : Intermediêre fase	-	Pieter Meyer (082 921 8257)
Gr. 7-9 : Senior fase	-	Juanita Richter (082 324 1229)
Gr 10-12 : VOO fase	-	Deon de Jager (072 1122 689)

SPORTVERTEENWOORDIGERS – Ouerkomponent:

Atletiek : HS Nadia van Wyk / LS Tanya Schultz

Landloop : Kalonki Claasen

Hokkie : LS Sunelle J v Rensburg / HS Koos Engelbrecht

Netbal : HS Lizanne Müller / LS Lenett Bibbey

Rugby : HS Quintin Antunes / LS Daan Claasen

Tennis : HS Leoné Graaff / LS Estherine Kruger

Krieket : HS & LS JP Steenkamp

SKOOLGELD : 2024

DEPOSITO

R1 620- per leerling is betaalbaar. Hierdie bedrag kan op 8 Desember 2023 betaal word wanneer rapporte afgehaal word tussen 8:00 en 9:00 – boeke vir 2024 sal dan beskikbaar wees indien bewys getoon kan word van betaling.

Hierdie bedrag moet deur almal betaal word op die dag wat die skool heropen.

SKOOLGELD VIR 2024 BELOOP AS VOLG:

R16 200- per leerling per jaar. U kan die volgende betalingsopsies kies:

Opsie 1:R1 620- deposito + R1 458- p/leerling, per maand (OOR 10 MAANDE)

OF Opsie 2:R1 620- deposito + R3 645- per leerling, per kwartaal (4 kwartale)

OF Opsie 3:R16 200- per leerling, per jaar

Korting vir die JAAR vooruitbetaal VOOR/OP 31 Januarie : R700 per leerling.

KOSHUISGELD:

R19 008– per leerling per jaar (vooruitbetaalbaar) OF

R4 752– per leerling per kwartaal (vooruitbetaalbaar) OF

R1 900– per leerling per maand (vooruitbetaalbaar oor 10 maande)

Korting vir die JAAR indien vooruitbetaal VOOR/OP 31 Januarie : R18 208 per leerling.

DAGSTUDENTE:

R680– per leerling per maand (vooruitbetaalbaar oor 10 maande).

BUSGELD:

Balfour : R1 080 per maand per leerder

Villiers : R1 242- per maand per leerder

NEEM ASB KENNIS VAN NUWE BANKBESONDERHEDE

VANAF 1 FEB!!!!

Rekeningnaam: HS Wilgerivier

Rekeningnommer: 0408 426 73

Bank: Standard Bank

Verwysing: 835/…… (skool gee)